SWARTLAND MUNISIPALITEIT

KENNISGEWING 39/2022/2023

VOORSTELLE VIR BESTUUR EN BEDRYF VAN GEBOU TE MALMESBURY AS GEMEENSKAPSGEBASEERDE SENTRUM

Kennis geskied hiermee dat Swartland Munisipaliteit voorstelle inwag van nie-winsgewende gemeenskapsorganisasies wat op Malmesbury gebaseer is vir die bestuur en bedryf van die Munisipale gebou, erf 3071 geleë te Dahliastraat 8, Malmesbury as gemeenskapsgebaseerde sentrum.

Voorstelle moet verseker dat gemeenskaps- en sosiale behoeftes op ’n volhoubare wyse aangespreek kan word, met die klem op jeugontwikkeling, vaardigheidsontwikkeling en maatskaplike ontwikkeling.

Voorstelle moet op die voorgeskrewe aansoekvorm ingedien word, wat onder andere vergesel moet wees van die organisasie se grondwet en jongste geouditeerde finansiële state. Aansoekvorms is beskikbaar by me Hillary Balie by die Munisipale kantore te Malmesbury, tel no. 022 487 9400, sowel as op Swartland Munisipaliteit se amptelike webtuiste, www.swartland.org.za.

Voorstelle op die voorgeskrewe aansoekvorms moet die munisipaliteit bereik teen nie later nie as 17:00 op 5 Desember 2022 nie. Laat aansoeke sal nie oorweeg word nie.

Die munisipaliteit behou die reg voor om nie enige of die enigste aansoek te aanvaar nie en om aansoeke wat nie aan die kriteria voldoen nie, te diskwalifiseer.

J J SCHOLTZ
Munisipale Bestuurder

Munisipale kantore
Privaatsak X52
MALMESBURY
7299

15 November 2022